Nuusbrief 1, 22 Januarie 2021

St Paulus Pre-Primêre en Primêre Skool

Beste Ouers

Welkom by ons nuwe akademiese jaar wat alreeds deur onsekerheid geraak is. Die pandemie is steeds besig om uit te lig dat ons nog nooit in beheer was nie. Die enigste raad wat gevolg moet word, is om waaksaam te wees in die vervulling van veiligheidsprotokolle - die dra van maskers in alle publieke ruimtes, sosiale distansiëring, hande was en ontsmet, en die vermyding van alle oorvol ruimtes en super-verspreidings-geleenthede. Sodra hierdie noodsaaklike protokolle in plek is moet ons ons verbind daartoe om positief te wees en dit een dag op 'n slag te vat - in die beste belange van ons kinders.

Oriënteringsdae

Daar is 'n beroep gedoen op skole om die onderneming om die beheer van beweging te ondersteun en om sover as moontlik die moontlikheid van verspreiding te verminder.

As 'n skoolgemeenskap ondersteun ons alle kollektiewe pogings om ons personeel en kinders te beveilig. Die Oriënteringsdae was gestruktueer om ons leerlinge en onderwysers 'n kans te gee om in te loer en om seker te maak dat ons al die nodige gereedskap en toerusting het om voort te gaan met aanlyn onderrig by die huis, want hierdie tyd moet optimaal benut word.

Soos in 2020 is al die werk oor die volgende paar weke kurrikulum-gedrewe en alle opdragte en take wat gedoen word, sal geassesseer word. Wanneer ons fisies terugkeer skool toe is ons nie van plan om die werk wat ons in die volgende paar weke gaan doen, te herhaal nie, want dit sal 'n impak hê op die leerlinge wat by hou.

Personeel Nuus

Geluk aan Kgole Ngoma (Graad 00), Dani Bekker (Graad 2B) en Mariné Snyman (Graad 6S) wat tydens die vakansie getroud is en aan Chanelle van Staden (Graad 3V) wat verloof is.

Myriam van der Wielen het 2 kleindogters ryker geword op 9 en 11 Januarie - Mckenzie Charlezworth, haar dogter Morgan se eersteling, en Sophie Wensley, haar seun, Sean, se 3de dogtertjie. Geluk aan haar en haar uitgebreide familie in Nieu-Seeland.

Ons sal weer eens in die middae verpligtende intervensie klasse op kampus aanbied vir die leerlinge wat nie, om watter rede ook al, die werk kon doen nie sodat ons naderaan die einde van Termyn 1 almal op dieselfde punt sal wees.

Aanlyn onderrig

Daar is soveel verskillende benaderings tot die lewering van 'n aanlyn kurrikulum as wat daar is om van aangesig-tot-aangesig in 'n klaskamer onderrig te gee.

Ons het deur die loop van 2020 baie geleer en ook baie tyd daaraan gewy om verskillende benaderings te bespreek en verskillende platvorms te ondersoek, en het besluite geneem wat ons glo beide kind- en ouer-vriendelik is. Helaas, wanneer skole gedwing word om te sluit, is daar geen benadering tot konsekwente onderwys wat die leidende rol van 'n volwassene op die tuisfront kan kan faktoriseer nie.

Ek wil u aanmoedig om die skool te ondersteun in sy pogings om sy leerplan te lewer en vermy die strik om altyd te glo dat die gras elders groener is. Om vir 6 tot 8 ure per dag klasse lewendig in u sitkamer te hê mag baie aantreklik klink, maar dit bind jou heeltemal. Daar is geen beweegruimte om [werk] later af te laai of om u kind se skooldag in klein happies op te breek nie - om beide die kind en die ouer te help wat ook ander aktiwiteite het wat hulle aandag verg.

Voorskool

Ons Graad 00 leerlinge is voltyds terug by die skool.
Graad R onderwysers sal video's en inligting oplaai van werk wat gedek moet word.
Dit sal beskikbaar wees op Google Classroom en op die Graad R Groep WA platvorm.
Skakels sal gestuur word vir klein groepies om persoonlike kontak met hulle onderwysers in Hangouts te hê.

Grondslagfase

Daaglikse werkskedules en instruksievideos sal op Google Classroom gelaai word. Google Hangouts sessies sal vanaf 25 Januarie op die rooster wees.

Intersenfase

Engels, Afrikaans en Wiskunde moet daagliks voltooi word. Maandag, Woensdag en Vrydag - lesse sal wissel tussen SW en NW. Dinsdag en Donderdag - lesse in spesialis vakke. Omdat Graad 7's 8 vakke het waarvoor hulle eksamen moet skryf ter voorbereiding vir Graad 8, sal hulle ook daagliks 'n 4de sessie hê - dit sal wissel tussen NW, SW, EBW en LO.

Assesserings

Dit sal verskillende gedaantes aanneem:

- Werk word aanlyn ingehandig
- Vasvrae moet aanlyn voltooi word
- Indien dit nodig word, kan alle mondelinge en toetse aanlyn gereël word
- Alle werk wat voltooi word sal geassesseer word en gebruik word vir ons Termyn 1 Assessering.
- Vak "Meets" sal op Dinsdag, 26 Januarie begin. Alle inligting sal op Google Classroom beskikbaar wees.

Formaat van lesse

- Oudio en/of visuele grepe sal ingesluit word (6 - 10 minute)
- Skyfies word gekopieër en 'n aktiwiteit gebaseer op die werk moet voltooi word.
- Lesse word in klein happies verdeel - elke les behoort tussen 30 en 45 minute neem om te voltooi.

Ons onderwysers sal deur die loop van die skooldag klasgee. Moet asseblief nie huiwerom met hulle in aanraking te kom as u hulp nodig het of 'n vraag wil vra nie. Alle WA boodskappe en e-posse sal beantwoord word - miskien nie onmiddellik nie aangesien hulle moet voorbereien opnames maak en ons het graad, fase en volledige personeelvergaderingsessies aanlyn wat ook geskeduleer is deur die loop van die skooldag.

Die administratiewe kantoor is oop so skakel ons gerus indien u hulp nodig het.

Ons is almal saam in hierdie bootjie - om seker te maak dat ons kinders toegang het tot ononderbroke onderrig terwyl hulle gesond en veilig is.

Wiskunde klasse

Mev Dalene Smith is beskikbaar om na ure by die skool individuele Wiskunde lesse te gee, teen R250 per een-uur sessie.
Kontak Dalene Smith direk: 072 797 9392

Medelye

Die volgende vorige ouers is tydens die vakansie oorlede:

Debbie Sandilands-Thomson, liefdevolle Ma van Jemma (Graad 7 2015) en Ryan (2019)

Tebogo Kgonyane, liefdevolle Pa van Samantha (2020)
Brenda Tifflin, liefdevolle Ma van Quinlan (2014)
Bontle Mphahlele; Sine en Khumo Mathibela se ouma is oorlede.

Ons gedagtes en gebede is by hierdie families in hulle tyd van verlies.

Mag u 'n besonderse en vredevolle naweek saam met u kinders deurbring.